# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 14 Junie 2019

*"Try not to become a man of success. Rather become a man of value." Albert Einstein*

## DERTIG JAAR DIENS

Vir 'n bedryf om suksesvol te wees, benodig dit die regte mense - en as die regte mense vir 'n lang tyd beskikbaar is, maak hulle 'n groot verskil. CRI het onlangs aan MC Pretorius en Hannes Bester erkenning gee vir dertig jaar diens aan Suider-Afrika se sitrusbedryf. Vanaf die CGA, alle produsente en die hele sitrusbedryf wil ons graag ons woorde van waardering byvoeg - dankie vir jul toewyding en bydraes.

## EERSTE GROOTMAAT SKIP MET SITRUS LAAI IN CHINA AF

Die Baltic Summer het vier weke gelede Durban met groot opwinding verlaat, en hierdie week het sy in Sjanghai aangekom met 'n ontvangs wat net die Sjinese kan gee. Terwyl die Suid-Afrikaanse Minister van Landbou haar in Durban afgesien het – het die Suid-Afrikaanse konsul-generaal in Sjanghai, me Mpho Hlahla, die Baltic Summer in Sjanghai verwelkom. Ook daar om die aankoms mee te maak was die Landbou Attaché Mashudu Silimela – wat gesê het "the fruit looks so beautiful and also has a great taste". Mashudu het bevestig dat die temperatuurlesings deeglik deur die Chinese owerhede nagegaan is en dat daar ook 'n inspeksie van die skip was - wat alles in orde was.

## HANDELSOORLOË

Vir enige iemand wat aan die impak van handelsoorloë twyfel - 2018 China invoere van vars produkte kan 'n paar wenke gee. In 2018 het China 4,86 miljoen ton produkte ingevoer ('n toename van 26% van 2017), met 'n waarde van 6,95 miljard Amerikaanse $ ('n styging van 36%). In waarde terme is die leiers Chili (1,68 miljard Amerikaanse $ - 68% styging), Thailand (1,67 miljard Amerikaanse $, 67% styging), Filippyne (0,73 miljard $, 42% styging), Viëtnam (0,72 miljard $, 12% styging) en Nieu-Seeland (0,44 miljard $, 25% styging). Suid-Afrika het vars produkte ter waarde van 0,23 miljard $ uitgevoer - 'n styging van 8%. Omgekeerd het die VSA 0,27 miljard $ uitgevoer - 'n afname van 21%.

Kersies was die grootste sektor met 1,3 miljard Amerikaanse $ ('n styging van 69%), gevolg deur Durian (1,1 miljard Amerikaanse $, styging van 98%). Piesangs is 0,9 miljard Amerikaanse $ - styg met 54%, terwyl tafeldruiwe met 0,3% tot 0,59 miljard Amerikaanse $ gedaal het. Lemoen-invoere was 0,44 miljard Amerikaanse $ - 'n styging van 14% van 2017.

## GEPAK EN VERSKEEP

Alle sitrus-sektore is agter op 2018 in terme van volume gepak en wat vir uitvoer goedgekeur is. Die voorspelling staan nou op 2% minder as 2018 se rekordoes, en 3% minder as die aanvanklike skatting. Pak van Valencias sal nou begin toeneem en soos die vrugte geoes word, sal die Valencia Fokusgroep hul voorspelling kan aanpas.

Die pak van Clementines is amper klaar (97% van die voorspelling is reeds gepak), terwyl die helfte van die novas se voorspelde 3.1 miljoen volume in kartonne is.

| Miljoen 15 Kg kartonne tot einde Week 23 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 11 m | 11.7 m | 10.7 m | 7.6 m | 8.2 m | 17.1 m | 15.5 m | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 6.2 m | 6.5 m | 6.3 m | 5.1 m | 4.9 m | 18.3 m | 17.8 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 10.7 m | 10.1 m | 9.9 m | 9.1 m | 8 m | 22 m | 21.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 8.4 m | 8.4 m | 6.7 m | 4.9 m | 3.6 m | 26.9 m | **25.7 m** | 26.7 m |
| Valencias | 2.1 m | 0.5 m | 0.4 m | 0.1 m | - | 52.9 m | 52.4 m | 54.4 m |
| **Totaal** | **38.4 m** | **37.4 m** | **34 m** | **26.8 m** | **24.7 m** | **137.2 m** | **132.8 m** | **136 m** |